OPROEP OM VOORSTELLE:

AANSOEKE VIR BEFONDSING VAN TOERISME PROJEKTE

Die Toerisme Produkontwikkelingsfonds ondersteun die ontwikkeling van nuwe toerismeprodukte en -ervarings en/of die grootskaalse opgradering van bestaande toerismeprodukte en -ervarings om die aanloklikheid van die Wes-Kaap as 'n bestemming vir besoekers te verhoog.

Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) doen 'n beroep op private en openbare organisasies en besighede om via die Toerisme Produkontwikkelingsfonds aansoek te doen vir projekbefondsing.

Die Toerisme Produkontwikkelingfonds streef daarna om nuwe of bestaande toerismeprodukte en -ervarings in die Wes-Kaap te ontwikkel. Die Fonds gaan slegs nuwe of bestaande toerismeprodukte en -ervarings ondersteun wat die leemtes en geleenthede wat deur die konsep Toerisme-bloudruk 2030 geïdentifiseer is, takel. 'n Bedrag van R5 miljoen is beskikbaar vir uitbetaling.

Aansoekers moet 'n voorstel indien wat ten minste een van die volgende kategorieë gestruktureer is:

- 'n Nuwe toerismeproduk of -ervaring wat deur die organisasie gelewer word;
- Uitbreiding van 'n bestaande toerismeproduk of -ervaring wat deur die organisasie gelewer word

'n Inligtingsessie (opsioneel) vind plaas op **Donderdag 23 Julie 2020** om 10:00 via MS Teams. Tydens hierdie sessie sal verdere duidelikheid verskaf word oor die Toerisme Produkontwikkelingsfonds. Dit is noodsaaklik om vooraf plek te bespreek vir hierdie inligtingsessie via productdevelopmentfund@westerncape.gov.za teen 22 Julie 2020 om 12:00.

Al die tersaaklike inligting (Projekopdrag en aansoekvorm) kan aanlyn afgelaai word by www.westerncape.gov.za/dept/edat of u kan in verbinding tree met me. Ilze Jacobs by 021 483 0061. Skriftelike (e-pos) navrae kan gerig word aan mev. Lindy

Cambouris by die volgende e-posadres:
productdevelopmentfund@westerncape.gov.za

Die sluitingsdatum vir voorleggings is Vrydag, **14 Augustus 2020 om 16:00.**